NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

HOU MEKAAR VAS
FOKUS '23

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za – tans onder konstruksie.
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.
- Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

18 Augustus 2023: Nr 26/2023

Warmnuus

Voorbidding

Zimbabwe

Die Algemene verkiesing asook die Presidentsverkiesing van Zimbabwe vind op *23 Augustus* plaas. Die gemeentes in Zimbabwe is deel van die Noordelike Sinode en daarom word alle gemeentes in ons sinodale gebied versoek om eerskomende Sondag spesiaal daarvoor te bid. Die Algemene Sinode se Moderamen (ASM) het in aansluiting by verlede Sondag se Dag van Verootmoediging, die afgelope week tydens haar vergadering te Benoni, ook spesifiek vir die verkiesing gebid.

Sinodenuus

'As it is in Heaven'

Excelsus se agtiende Lentekonferensie vind vanaf 19-*21 September* plaas.

Waar: Universiteitsoord en UP.
Sprekers: **Kliek hier** vir 'n volledige lys van sprekers en foto's.
Inskrywings: Kliek hier.
Brosjure/program: Kliek hier.
Navrae: Rika excelsus@up.ac.za.

Leef plastiek-vry

WENK 3 : **Plastiekvrye kombuis**

Lapdeksels is 'n goeie alternatief vir kleefplastiek veral vir die toemaak van bakkies oorskiet kos. *Beewax wraps*, wat van byewas gemaak word, bied nog 'n wonderlike alternatief tot kleefplastiek. Dit kan met die hitte van jou hande om enige bak gevou word en kan herhaaldelik gebruik word. Dit werk ook lekker vir toebroodjies.

Pensioenfonds

Theo Smith [Predikante en Amptenare Pensioenfondse] bring die volgende sake onder lede se aandag:

Agterskotbetaling aan lede

"Tydens die Bestuurskomitee vergadering van *21 Julie*, is besluit om lede te herinner aan die agterskotbetalings en dat 'n opsporingsagent (deur Sanlam aangestel), lede sal kontak hieroor. Alle lede wat kwalifiseer en nog nie die surplusgeld ontvang het nie, word gekontak maar sluit veral voormalige lede in".
Kliek hier vir die **omsendbrief nr 5**.

Begrafnisskema

"Tydens die Bestuurskomiteevergadering van *21 Julie*, is daar besluit om die aanbeveling van die markondersoek na 'n alternatiewe diensverskaffer vir die begrafnisskema, goed te keur met ingang van 1 November 2023.
Kliek hier vir die **omsendskrywe nr 6**, waarin die vergelyking tussen Sanlam Sky en Sanlam Groeprisiko aangedui word. Omdat hierdie bloot 'n kennisgewing is om lede bedag te maak op wat gaan gebeur, sal daar 'n opvolg omsendskrywe gestuur word met meer inligting oor die werking daarvan (oorbetaling van premies, skedules, ensomeer). Die goeie nuus is dat die nuwe diensverskaffer jaarliks 'n voordeelstaat oor die skemavoordele sal stuur saam met die normale fondsvoordeelstaat (lede het gereeld gevra oor "bewys" van lidmaatskap en voordele). Meer hieroor in die opvolg omsendskrywe."

Kolleganuus

❖ Innige simpatie

Bettie Wagner-Ferreira [Waverley] se skoonmoeder is oorlede.

Peet Crous [Lynnwood] se moeder is oorlede.

❖ Hospitaal

Sandra Grobler [Sinodehuis] het 'n rugoperasie ondergaan en is in die hospitaal.

❖ Emeritaat

Christoph Müller [Groenkloof] emeriteer op *27 Augustus*. Sy afskeidsdiens vind om 9:00 plaas.

❖ Bewegings

Willem Pretorius [Rustenburg-Proteapark] is met ingang *1 Oktober* na Table View, Kaapstad beroep. Hy het die beroep aanvaar en die gemeente neem op *17 September* van hom afskeid.

Joleen Marx is as tentmaker na Pietersburg-Noord beroep. Sy het die beroep aanvaar en word op *20 Augustus* bevestig. Sy is oorspronklik van die Nederduits Hervormde Kerk.

Charlotte Sibanyoni [Universiteitsoord] groet op *20 Augustus* die gemeente. Sy het 'n beurs ontvang om vir drie jaar in Oslo, Noorweë te studeer.

❖ Verjaarsdagwense

13/08 Willie Schoeman [DRC of Zambia, Lusaka]; Pietie le Roux [Emeritus]
14/08 Johan Laubscher [Emeritus]
15/08 Christoph Müller [Groenkloof]
16/08 Lizl-Louise Schoeman [Monumentpark]; Gerhard Mahne [Emeritus];
17/08 Dini Smit [Tuinrand]; Bernice Serfontein [Waterkloof]
18/08 Johan van Zittert [Emeritus]
20/08 Corné Bootha [Magalieskruin]
21/08 Yvette Bosman [Derdepoort]; Martin Lazenby [Emeritus]
26/08 Wouter de Vos [Wonderboompoort]; Erika van Tonder [Wonderboom]

14/08 Maggie Britz [Eggenote van Driaan, Pierneefrant]
15/08 Irene Breed [Eggenote van Kobie, emeritus]
25/08 Danita Ferreira [Eggenote van Danie, emeritus]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Florandia [25/08/1974]
Elandsrand [14/08/1988]

❖ Vaalwater

Tropiese basaar: *2 September*
Moenie die geleentheid misloop nie! Lekker koffie, koeke, pannekoek, koeksisters, burgers, kerrie en rys, poeding, plante asook vleis. 'n Veiling word gehou, en nog baie meer. Sien jou op die h/v Mavros- en Seringstraat.
Navrae: Yolandi van Zyl, 078 536 5180.

❖ Overkruin

Leer opnuut om te lééf

Sprekers: Attie Olivier [Maatskaplike werker wat spesialiseer in Psigo-sosiale Dienslewering aan Senior Volwassenes];
Petrus Moolman [Gerontologiese Pastorale Berader]
Datum: *19 Augustus* (09:00-12:00)
Waar: Overkruin [Kameeldoringlaan 65, Wonderboom]
Toegang: Donasie
Navrae: 082 451 4413

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Jaarprogram vir 2023 Kliek hier.
Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Lentekonferensie
Sien *Sinodenuus* hierbo.

❖ In Pas

***Lourens Bosman* (Algemene Sinode) skryf namens die *In Pas*-werkgroep:** "Die In Pas-werkgroep bied weer werkswinkels aan vir leraars en gemeenteleiers oor hoe om met *In Pas* in die gemeente af te skop. Tydens hierdie "oefenkampe" stig ons ook oefen-gemeenskappe wat die gemeentes help om mekaar verder te ondersteun en by mekaar te leer. Die oefenkamp vir die Noorde van die land is by eMseni Konferensiesentrum naby Kemptonpark.
Datum: *21-23 Augustus.* Koste: R2600. Besprekings: Ester Steyn: esters@ngkerk.org.za.

❖ Anti-Broos Konferensie

Datum: *6* (08:30 - 14:30) *& 7 (*08:30 - 12:30*) September*.
Aangebied deur: Sinodale Diensraad van die Oostelike Sinode.
Waar: Communitas [Leastraat 469, Waterkloof Glen, Pretoria, 0010]
Inligting: Kliek hier. **Registrasie**: Kliek hier. 8 **VBO** punte.

❖ Pastorale Beradingskursus

Aandagafleibaarheid en Pastoraat

Aanbieder: *Wentzel Coetzer* via Zoom.
"Aandagafleibaarheid (waarby soms ingesluit is die element van hiperaktiwiteit, en soms nie) is 'n gesondheids-probleem wat internasionaal steeds aan die toeneem is, terwyl die koms van die Internet hierdie proses dramaties versnel het. Wat heling en voorkoming betref, blyk 'n holistiese benadering die mees effektiewe te wees..."
[Kliek hier] vir die volledige inligting]. **Datum**: *24 Oktober (9:00-13:00) – Zoom aanbieding.*
Inskrywing: Kliek hier. 5 **VBO** punte. **Navrae:** 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com.

Ander nuus

❖ Vakatures

Kerkbode
Kliek hier vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

Algemene Sinode
Pos: Algemene Sekretaris [**Kliek hier** vir die advertensie.]
Gerig aan: Gelegitimeerde predikante van die NG Kerk word genooi om aansoek te doen vir die pos.
Sluitingsdatum vir aansoek: *1 September* (12:00) **Diensaanvaarding:** *1 Januarie 2024*
Navrae: Michiel van der Merwe (Voorsitter Taakspan Diensverhoudinge) 0824623529;
Gustav Claassen (Algemene Sekretaris) 012 342 0092.

Montana
Voltydse leraarspos: **Kliek hier** vir die volledige advertensie.
Alle gelegitimeerdes van die NGK tussen die ouderdom 28 tot 40 jaar word genooi om aansoek te doen.
Aansoekvorm: lizelle@ngmontana.co.za. **Sluitingsdatum**: *8 September* om 13:00.
Navrae: Johan Scholtz (082 641 5983); Hannes van der Merwe, Voorsitter: Gemeenteraad (082 990 2490)

Rustenburg-Suid
Voltydse leraarspos: **Kliek hier** vir die volledige advertensie.
Navrae: Dolf Smith (083 232 3800: Kerkraadsvoorsitter); Marie Wiliams (014 592 2419 / 071 436 0102: Skriba).

Rustenburg-Proteapark
Voltydse leraarspos: **Kliek hier** vir die volledige advertensie. Die gemeente word tans deur een jeugwerker en twee voltydse leraars bedien waarvan een leraar Maart 2024 die gemeente groet.
Diensaanvaarding: *1 Januarie 2024*.

Naskrif



Kliek hier:.pdf-formaat of .jpeg-formaat